Eendrag Maak Mag

'n Eenwêreld- regering is die doelwit van verskeie wêreldleiers en die proses is al vergevorderd. Die beplanning is dat dit binne die volgende 30 jaar afgehandel sal wees. Tegnologiese ontwikkeling geskied egter teen so 'n ongelooflike tempo, dat die proses moontlik minder as 30 jaar kan neem. 'n Een-geldstelsel en 'n geforseerde ekonomiese bestel is 'n realiteit. Tans is die wêreld reeds ingedeel in unies, waarvan die Europese Unie die voorloper is. Dat die beoogde getal 10 is, wat die hoeveelheid van die unies uitmaak, nie 'n toevalligheid is nie, moet ernstig onder die vergrootglas geplaas word. Die mikpunt om tien adjunkte met een president as wêreldleier te vestig, moet nie ligtelik opgeneem word nie.

Tegnologiese vooruitgang bied soveel uniekheid en gemak, maar vir die ingeligte is dit bevestiging dat moeilike tye onvermydelik is. Neem die bv. "chip". Daardeur word soveel beheer en kontrole toegepas dat die hele wêreld gemanipuleer kan word. Vergesog? Nee. Net as bevestiging: In 1989 het Volkskasbank (Pretoria) vir 'n kort tydperk depositostrokies met 'n 666-watermerk gebruik. Hoekom? Daar was soveel klagtes dat die strokies onmiddellik onttrek is. In dieselfde tydperk het Barclaysbank, ook inPretoria (Pretoriusstraat), skandeerders kophoogte laat installeer om sodoende kliënte te kan identifiseer voordat 'n transaksie kon plaasvind. Dit is verwyder en die rede was dat dit "voortydig geïnstalleer" was.

Die ekonomiese verloop van die afgelope eeue en die huidige omstandighede in ons land, het bygedra daartoe dat dit ons noodsaak om met 'n toekomsvisie 'n verskil te probeer maak. Ons visie is om 'n moderne ontwikkeling te vestig en dit met 'n doelgerigte poging tot 'n hoogs ontwikkelde en voorspoedige gemeenskap te laat groei. Alleenlik húlle wat die wens in hul hart het en 'n doelgerigte keuse maak, sal hierdie droom beleef. Ons glo dat 'n vry, geseënde en voorspoedige gemeenskap sal ontwikkel wat onafhanklik sal kan oorleef. Ons ekonomiese model sluit in 'n vrye handelsstelsel wat nie gemanipuleer sal word nie. Hierdie ontwikkeling sal 'n eko-

vriendelike ontwikkeling by uitnemendheid wees wat wêreldwyd toeriste sal lok. Wêreldtoerisme is tans 'n groot werkverskaffer. Die finansiële model vir die ontwikkeling is juis gebou om toerisme, 'n gesondheidsoord / hospitaal / vakansieoord te verskaf.

Ons glo dat deur ons strewe na uitnemendheid en harde werk ons 'n gemeenskap sal skep wat tot die voordeel van almal sal wees, selfs dié wat nie direk daarby betrokke is nie.

Ons nooi almal wat soos ons glo en dink om saam met ons hierdie droom te verwesenlik. Ons het almal se ondersteuning nodig om aan buitelandse beleggers te demonstreer dat hierdie geleentheid 'n realiteit, en nie 'n droom is nie.

SLUIT ASSEBLIEF AAN !!!

Kliek hier om aan te sluit.